LEIERGIDS

Hoe om hierdie Bybelstudie te benut

Hierdie Bybelstudie gee leiers maklike hulpmiddels om hulle groep deur ‘n lewendige en praktiese studie van die Skrif te lei. Die eenvoud en diepte van die studies moedig mense van alle ouderdomme en stadiums van hulle geestelike groei aan om die Bybel te ondersoek. Hulle kan die doen op hulle eie en in selgroepe.

Groeplede gebruik een Skrifgedeelte wat hulle daagliks bekyk in voorbereiding op die groepbespreking die volgende week.

Groeplede lees die voorgeskrewe gedeelte elke dag, bid vir begrip en antwoord die daaglikse vragies. Die Heilige Gees gee daagliks meer insig en openbaar nuwe waarhede uit dieselfde verse. Groeplede leer om die Woord van God op ‘n doelgerigte wyse te bestudeer. Hulle ontdek en pas God se transformerende waarhede toe deur die volgende eenvoudige Bybelstudie metode te volg.

- **Observasie**
  Wat sê die Skrif?
  Wat is die sentrale gedagte?
- **Interpretasie**
  Wat beteken die Skrif?
  Wat is die belangrike woorde, frases en waarhede?
- **Toepassing**
  Hoe lei die Heilige Gees my om die Skrif toe te pas in my lewe?

Hoe om ‘n Bybelstudiegroep te begin

Ons glo dat God jou graag wil gebruik waar jy leef, werk en kuier om ‘n impak op die ewigheid te maak. Begin met hierdie drie maklike stappe :

1. BID

... dit begin als met gebed en verhoudings.

GEBED

- Bid vir ‘n vriend/in wat jou sal help om die Bybelstudiegroep te begin.
- Bid gereeld saam en vra vir God se leiding.
- Bid terwyl julle in julle omgewing rond beweeg. Vra vir God se seën en beskerming.

- Bid vir mense op die naam. Vra God vir geleenthede om hulle te ontmoet, ondersteun en van hulp te wees. Dade van liefde maak harte oop en bou verhoudings.
- Bid dat hulle sal belangstel om die Bybel te bestudeer.

VERHOUDINGS

- Leer ken die mense wat naby jou leef , werk en kuier. Wees vriendelik en ondersteunend.
- Knoop gesprekke aan – vra goeie vrae en wees ‘n goeie luisteraar.
- Spandeer tyd saam. Ontmoet iewers vir koffie of vir ete.
- Kyk vir geleenthede om liefde te wys, vrygewig te wees en ander te dien.

2. BOU VERHOUDINGS

... vind mense wat belang stel.

BEPLAN ‘N BYEENKOMS

- Kies ‘n dag, tyd en plek.
- Maak ‘n lys van die mense wat jy wil nooi.
- Bid en nooi hulle uit.
- As jy wil, beplan verversings.
- Maak ‘n lys van vragies om gesprekke aan die gang te sit of beplan ‘n ken-mekaar aktiwiteit.

DIE BYEENKOMS

- Bedien koffie en tee, en as jy wil, iets om te eet.
- Verwelkom almal en stel jouself voor. Leer mekaar ken deur die vragies of ‘n speletjie te gebruik. Gee mense tyd om mekaar se geselskap te geniet.
- Voor die einde van die byeenkoms sê iets soos die volgende: *“Ons het nou lekker saam gekuier. Ek wil graag so ‘n vriendelike en gemaklike omgewing skep waar ‘n groepie van ons die Bybel saam kan bestudeer. Waar ons kan ontdek wat dit sê en hoe dit persoonlik op ons van toepassing is. Laat weet my asseblief as enige van julle belangstel om deel te neem aan so iets.”*

3. LEI

... en begin.

- Druk ‘n Studiegids vir elke persoon
  Kies een van die vier stelle Voorgestelde Skrifgedeeltes vir daardie Studiegids.
- Elke persoon sal ‘n notaboekie nodig hê om hul antwoorde daagliks neer te skryf .

Hoe om die Bybelstudiegroep te lei

Begin met ‘n kort gebed.

- Lees die” GELOOF” inleidende storie hieronder wat die studie se tema beskryf.
- Vra ‘n vrywilliger om die Skrifgedeelte voor te lees.
- Gebruik die Studiegids se daaglikse vrae om ‘n bespreking te lei.
- Moenie bang wees vir stiltes terwyl jy wag vir ‘n antwoord nie. Die doelwit is nie vir die leier om al die antwoorde te gee nie, maar om ‘n bespreking aan die gang te sit.

Vir doeltreffende besprekings is dit belangrik om die groeplede gereëld te herinner aan ‘n paar riglyne:

- Praat hard genoeg vir almal om te hoor.
- Gee kort antwoorde, nie lang stories nie.
- Hou die gesprek gefokus op Christus en die Woord.
- Bly gefokus en vermy omstrede kwessies.

Verseker jou groep dat die Heilige Gees Sy Woord sal gebruik in hulle unieke omstandighede en hulle sal leer wat Hy wil hê hulle moet weet en toepas in hulle lewens.

- Gee aan die einde van die byeenkoms die Skrifgedeelte vir die volgende week..
- Moedig almal aan om enige tyd nuwe mense te nooi om by die groep aan te sluit. Dit skep ‘n liefdevolle en verwelkomende atmosfeer.
- Sluit af met ‘n kort gebed.

Aanvullende vragies wat die studie nog beter kan maak:

- Wat anders het jy by God geleer?
- Kan jy bietjie uitbrei op jou antwoord?
- Wil iemand iets byvoeg by daardie antwoord ?
- Wat het jou die meeste aangeraak in daardie vers ?

Inleiding:
Hierdie Bybelstudie omtrent geloof vloei vanuit die volgende verklaring: oortuig omtrent alles wat God sê, kies ek om te lewe met ‘n hart volledig oorgegee.

God het die voëls geskep om te vlieg, en nie om te bly sit op die nes nie. Het jy al gedink hoe dit vir ‘n klein voëltjie moet wees om daardie stap te neem buite die nes en die waarheid te ervaar in als wat dit by die mamma voël geleer en gesien het? Stel jou voor dat voëls sal berus vir ‘n lewe in die nes, in plaas daarvan om te sweef.

Die Here wil hê dat Sy gelowiges moet sweef op geloofsvlerke. Die Bybel is ons gids, die karakters daarin ons voorbeelde, en die Heilige Gees ons hulp vir die lewe in geloof. Die Bybel is vol getuienisse wat ‘n alternatiewe lewe van rebellie en ongehoorsaamheid gekies het, asook die wat ‘n lewe van oorgawe in geloof gekies het. Die Bybel gee duidelik opdrag omtrent hierdie lewe in geloof, wyle die Heilige Gees altyd teenwoordig is ter ondersteuning, hulp en bekragtiging van die gelowige. Die weeklikse uitdaging is – kies jy om te sit of te sweef?

Deur te glo sal jou persoonlik uitdaag om jou geloofsvlerke te sprei. Hierdie 4 Bybelstudies van 8 weke elk, gee insig en toegang tot vele Bybel karakters, sowel as Jesus en Paulus se onderrig omtrent geloof. Leer om persoonlik te sweef op vlerke van geloof deur middel van die volgende skrifgedeeltes uit Rigters, 1 Samuel, 1&2 Konings, Handelinge, Romeine en Johannes.

GELOOF © 2017 NBS2*GO*. Alle regte voorbehou. Oorspronklik gepubliseer in Engels as *FAITH* © NBS2GO. Vertaal en kultureel aangepas deur NBS2GO. http://www.nbs2go.com